

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Wat in jou het verander?”

Skriflesing: 1 Timoteus 1:12-17

Lied 163

Soos 'n wildebok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Broodjies vir die pad

“That which we cannot speak of is the one thing about whom and to whom we must never stop speaking.”

– Peter Rollins

“Nothing worth doing is completed in our lifetime; therefore we must be saved by hope. Nothing true or beautiful makes complete sense in any immediate context of history; therefore we must be saved by faith. Nothing we do, however virtuous, can be accomplished alone; therefore, we are saved by love.”

– Reinhold Niebuhr

Brood vir die pad

‘ ’n Verlange na die onmoontlike’

Andries Bezuidenhout

Is nostalgie noodwendig bloot 'n negatiewe hunkering na 'n gewaande verlede, die “goeie ou dae”, toe alles “beter” was as die “chaos” van die kontemporêre wêreld? Of is daar 'n meer vooruitskouende tipe nostalgie? 'n Nostalgie wat dít wat goed was, uit die verlede gaan haal en dan 'n beter toekoms daarop bou.

Nostalgie is seker een van die sterkste politieke kragte in hedendaagse wêreldpolitiek. Dink maar aan Donald Trump se ondersteuners se hunkering na 'n Amerika van weleer, waarskynlik iewers in die 1950s toe McCarthy nog kommuniste

gejag het en die burgerregtebeweging nog nie die gesag van wit Amerika uitgedaag het nie. Of sommige Brexitters wat na die wêreld van Downton Abbey wil terugkeer.

Hier ter plaatse staan die nostalgie ook geil op die politieke lande. 'n Mens kan die hunkering na 'n Boeregeneraal se leierskap onder jong Afrikaners as voorbeeld noem. Dan is daar jeugdige stedelinge wat wil terugkeer na die onskuldige beesboerbestaan van hul voorsate, voor kolonialiste die grond by hulle kom afneem het.

Hoeveel van ons stedelike jeug – wit en swart – sal régtig na daardie bestaan onder die vuis en dwang van landelike patriarge soos De la Rey en Sjaka wil terugkeer? Ek dink nie hulle sal die lopende water en elektrisiteit wat salonne in winkelsentrums moontlik maak vir molvelbroeke of lendeklede wou verruil nie.

Maar dis nie die punt nie. Nostalgie as politieke krag gaan júis oor die gewaande, die onmoontlike, die fantasie. Dis wat dit so gevaarlik maak. Hierdie tipe nostalgie is 'n verlange na 'n onskuldige verlede, omdat dit op 'n selektiewe geheue berus. Dis ook heel moontlik vir mense om nostalgies te voel oor plekke waar hulle nog nooit was nie, of tye toe hulle nog nie eers gebore is nie.

'n #RhodesMustFall-aktivis het onlangs in die vroeë oggendure op Facebook 'n maniese episode gehad waarin sy uitgevaar het teen wit mense en die wit ruimtes waarin sy haarself bevind. Die volgende oggend het sy geskryf oor hoe broos sy voel en dat sy die hele dag Harry Potter-boeke gaan lees om haarself beter te laat voel. Hogwarts is al plek waar sy werklik tuis voel, het sy geskryf.

'n Mens sou snedig hierop kon reageer en uitwys dat Hogwarts, Harry Potter se fantasieskool, oorwegend 'n wit plek is en dat die gedekolonialiseerde universiteit waarvan die studente droom, in ideale vorm ook slegs in die domein van fantasie kon bestaan.

Ek sou eerder die punt wou maak dat dit wys hoe buigsaam nostalgie is. Ons verbeelding maak dat ons behoefte aan 'n tuiskoms veel kreatiewer kan wees as slegs 'n soeke na betekenis in slegs dít wat tot die “eie” behoort.

Die gevaar is natuurlik as ons nie besef dat ons fantasieë nie noodwendig altyd in praktyk haalbaar is nie.

Die woord “nostalgie” is uit twee Griekse woorde saamgestel: “*nostos*”, wat na 'n terugkeer huis toe verwys en “*algia*”, wat na 'n verlange verwys. Anders gestel verwys nostalgie na die verlange om terug te keer huis toe of na dít wat bekend is. Die Afrikaanse woord “heimwee” met die Germaanse wortels wat terugverwys na “heimat” kan ook dalk as sinoniem instaan.

In 'n boek oor herinnering en Duitse politiek skryf Charles Meier: “Nostalgie is vir verlange soos kitsch vir kuns is.” Elders, oor tradisie en Amerikaanse kultuur, skryf Michael Kammen: “Nostalgie is in essensie geskiedenis sonder skuld. Erfenis is iets wat ons met trots eerder as skaamte vul.”

In die sewentiende eeu is nostalgie as 'n tipe siekte beskou, baie soos verkoue. In Switserland het dokters opium of 'n reis na die Alpe voorgeskryf as behandeling vir die simptome van nostalgie. Die eerste slagoffers van hierdie siekte was die ontworteldes van Europa van die sewentiende eeu, soos

studente van Bern wat in Basel studeer het, bediendes van Franse en Duitse herkoms, asook Switserse soldate wat oorsee moes gaan baklei. Sommige soldate is selfs daarvan beskuldig dat hulle nostalgie geveins het in 'n poging om huis toe gestuur te word.

Die letterkundige Svetlana Boym, outeur van die fenomenale boek *The Future of Nostalgia*, skryf dat die twintigste eeu met utopiese drome begin het, maar in nostalgie geëindig het.

Kyk maar na nostalgiese verwysings in kontemporêre populêre kultuur en ontwerp, soos die Victoriaanse impuls in Kaapstad se *hipsters* se kleredrag, haarstyle en baarde. Die historiese roman beleef 'n ongekende herlewing, asook historiese films.

Nostalgie is dus nie iets van die verlede nie, dis nie bloot 'n anti-moderne impuls en 'n drang om terug te keer na 'n wêreld voor kolonialisme of globalisering nie.

Daar is wel ideologieë wat op nostalgie berus wat die verlede wil herstel. Boym noem dit "*restorative nostalgia*". Dit sien die geskiedenis as iets suiwer wat as ideaal in die toekoms herstel behoort te word. Dit wil na die historiese droom van die tuisland terugkeer deur middel van verskillende tipes fundamentalisme – hetsy etnies-nasionalisties of religieus.

Gert van der Westhuizen het verlede week 'n uitstekende rubriek geskryf oor die gevaar van 'n nostalgiese blik op die Bosoerlog. Die ironie is natuurlik dat ons soms júís nostalgies voel oor tye van swaarkry, omdat ons op 'n sielkundige vlak die trauma moet onderdruk om met daardie swaarkry te kan saamleef. Dis bloot natuurlik en dit gaan oor psigiese oorlewing.

In haar boek skryf Boym hieroor: "Vir baie onwortelde mense regoor die wêreld is kreatiewe maniere van dink oor nostalgie nie net 'n manier om kuns te skep nie, maar 'n oorlewingstrategie, 'n manier om sin te maak van die onmoontlikheid van 'n tuiskoms."

Volgens Boym is daar, in teenstelling met "*restorative nostalgia*", 'n meer kritiese ingesteldheid tot nostalgie, wat sy "*reflective nostalgia*" noem. Dit erken die verlange na 'n plek waar mens tuis kan wees, maar aanvaar dat daardie verlange nooit tot 'n finale tuiskoms kan lei nie.

In plaas van 'n soeke na die eie, wil hierdie tipe nostalgie bydra tot 'n tuiskoms vir almal – burger, vlugteling en vreemdeling. Dit put uit die erfenis van die bekende en probeer om dit uit te brei na 'n meer algemene projek.

Ek sou David Kramer en Dana Snyman wou noem as voorbeelde van Suid-Afrikaners wat waarlik 'n kuns van hierdie tipe nostalgie maak.

In sy lied "Hekke van Paradise" sing David Kramer oor dorpiens waar mense in *nylontrui* met *raglanmoue* deur oop motorvensters na Jim Reeves luister en aan hulle meisies se bene dink. By die hekke van hierdie landelike paradys blaf die honde egter as waarskuwing dat als nie pluis is nie.

In sy rubrieke en kortverhale keer Dana Snyman telkens terug na die verlede, maar op 'n bittersoet en ironiese manier. Sy nostalgiese beskrywings het plek vir almal. Hy skryf byvoorbeeld oor daardie vertonings van die vernuf van polisiehonde by skougronde, maar met deernis en vanuit die oogpunt van die man wat telkens met 'n goingsak om sy arm vir die hond moes weghardloop.

Op 'n manier is Bernie Sanders en Jeremy Corbyn se linkse politieke projekte nie minder nostalgies as dié van Donald

Trump en Nigel Farage nie. Albei verlang terug na die sosiale demokrasieë van die VSA en die Verenigde Koningryk voor Reagan en Thatcher dit vernietig het. Teenoor die nostalgiese aanslag van beide regs en links laat Hillary Clinton se kil, modernistiese uitkyk op die lewe vele koud – sy word as 'n tegnokraat in diens van groot korporasies beskou.

As 'n progressiewe Suid-Afrikaanse politieke projek hierdie behoefte aan 'n tipe tuiskoms te midde van onsekerheid ontken, of dit bloot as konserwatief afmaak, is ons voorland waarskynlik die Fascistiese politiek wat Europa voor die Tweede Wêreldoorlog beleef het en wat tans besig is om vanuit die agterverhoog na die hoofverhoog van die wêreldpolitiek terug te sluip.

Die idee van 'n verenigde Suid-Afrika is waarskynlik nou iets van die verlede, iets waarvoor baie van ons nostalgies raak.

Aan die een kant besef mens dat om na daardie reënboognasie terug te verlang, nie sal help nie, deels omdat ons weet dat dit nooit bestaan het nie.

Aan die ander kant luister ek soms na Koos Kombuis se lied "Swart September" en Johannes Kerckorrel se "Donker, donker land", beide oor die noodtoestand van die 1980's, net om te onthou hoe dit tóé gevoel het om aan die maan se verkeerde kant te beland.

Dan dink ek daaraan dat die begin van die reënboognasie van weleer wél, in werklikheid en nie as fantasie nie, op sekere plekke bestaan – in liefdesverhoudings en vriendskappe, in sommige skole en universiteite, 'n aantal musiekfeeste en klubs.

Dis die tipe plekke waar baie van ons – die stille meerderheid, hoop ek – tuis kan kom.

* Dr. Andries Bezuidenhout is 'n sosioloog verbonde aan die Universiteit van Pretoria.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/andries-bezuidenhout-n-verlange-na-die-onmoontlike-20160830#>



"The parable is given to us, but at the same time its full wealth of meaning will never be fully mined. It is not reducible to some clear, singular, scientific formula but rather gives rise to a multitude of commentaries. In opposition to this, many Christian communities view the stories and parables of the Bible as raw material to be translated into a single, understandable meaning rather than experienced as infinitely rich treasures that can speak to us in a plurality of ways."

– Peter Rollins, *How (Not) to Speak of God: Marks of the Emerging Church*



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.